LEIERSGIDS VIR WYKSBYEENKOMS 25 SEPTEMBER 2016

Ons is hier teen einde September reeds ver gevorder in die Koninkrykstyd van ons kerklike jaar, 'n tyd waarin ons mekaar steeds aanmoedig om as Jesusvolgelinge, die koning van ons kerk volhardend te volg. Hy verwag steeds dat ons Hom moét vertrou; getrou aan Hom bly, Sy leiding volg en voluit al ons kragte en talente tot Sy beskikking stel.

Julle sal onthou dat ons by ons vorige geleenthede, soos versoek deur ons leiers, gepraat het oor Jesus-gewoontes. By dié geleentheid, sluit ons aan by die Jesus gewoonte, wat ek glo Hom sal laat glimlag nl. "Dat Sy volgelinge, in hul vir watter geleentheid ook al maar veral ins ons eredienste, God Drie-enig met verwondering sal aanbid"

Inleiding:

Vra een van die groeplede om die inleiding tot vandag se byeenkoms voor te lees (n.a.v die vragie op die uitdeelstuk):

'n Nuwe virus tref die Christendom. Ja, net die Christene word aangeval deur die virus wat met dodelike gevolge vir die kerk en gemeentes oral aan die versprei is. Wetenskaplikes noem die virus: "***sabbatious morbidus***".

As 'n mens met die virus besmet is, is die simptome soos volg: jy word Sondagoggend wakker met 'n lied in die hart…. En dan skielik slaan die virus toe – presies een uur voordat die oggendiens begin. Dit verlam die persoon totaal en al sodat dit onmoontlik is om die erediens te kan bywoon. Gelukkig wyk alle simptome soos mis voor die son presies 15 minute nadat die erediens verby is. Die virus is net op Sondae aktief en slaan toe met oggend- en aanddienste. Geen verdere newe-effekte word gedurende die week ervaar nie.

Vind ons nog vreugde in ons kerk-wees en gemeente-wees? Hoekom is dit so moeilik om mense opgewonde te maak en betrek te kry by 'n ontmoetings van die lewende Here met sy gemeente?

Die erediens is die fees van die Gees: dáár waar ons met verwondering en vreugde ons lewende Here kan ontmoet. Die tragedie is dat ons 'n Christendom, 'n kerk en gemeente geword het waar daar te min verwondering, verstomming en vervoering is oor ons groot God, sy groot genade en liefde…. en juis daarom is daar so min vreugde en blydskap.

ONS LUISTER SAAM NA DIE WOORD:

Lees hand. 2:37-47 en Ps. 150 en berspeek dan die volgende stellings:

1. **Vir die vroeë Christen-gemeente was kerk-wees een groot fees.**
   Vir so baie van ons lidmate blyk dit is dit 'n swaar plig te wees.

Dit is belangrik dat jy die groeplede steeds daaraan sal herinner dat dié stellings in die lig van die Bybelgedeeltes bespreek moet word. Dit gaan nie oor algemene kommentaar op die vrae nie. Lei hulle om die volgende sake in die verse raak te sien:

Hand. 2:42 Heelhartig
Dié lidmate was hart en siel in die saak van Christenwees. Dit was waarskynlik een van die sleutelgeheime tot hulle lewe.

Hand. 2:43: Hulle almal was met diep ontsag vervul

Die Engels sê dit so mooi: daar was 'n "sense of awe" in die gemeente. Daar was 'n gees van verwondering, matelose verwondering, afwagting en vreugde oor God en die verlossing in Jesus Christus. Hulle het as't ware blinkoog voor God gestaan en kon nie genoeg kry van Sy Woord nie.

Hand. 2:46: Almal het elke dag getrou by die tempel bymekaar gekom

Dit was amper asof hulle bang was hulle mis iets.

Hand. 2: 47: Vol van blydskap….God geprys

Dit moes wonderlik gewees het om deel van so ‘n gemeente te kon wees waar verwondering en vreugde oor God uit die lewe van lidmate uitgestraal het.

Psalm 150: Die hele skepping word opgeroep om God te prys.

Die klimaks is in **vers. 6:** *Laat alles wat asemhaal die Here prys*. Dit is hoekom alles asemhaal, dit is hoekom ek asemhaal: om God te loof en te prys. Lofprysing is ‘n manier van leef uit die lewende verhouding wat ek met die lewende Here het. Dit beteken om só te leef dat ek die vinger wegwys van myself, end it na Hom wys om sy glorie vir die wêreld sigbaar te maak.

Die samekoms van die gemeente in die erediens is noodsaaklik en dit is waar die lofprysing van die ganse skepping moet begin.

Ps. 150: 1: *Prys God in sy heiligdom*

Ja! Dit is waar die lof moet begin: in die kerk, in die gemeente, in die erediens. Hier moet ons die pas aangee, ons moet voor in die kerk wees, want ons het die bladmusiek naamlik, die Woord van God, en die Heilige Gees as ons dirigent.

Ons moet weer vreugde vind in ons godsdiens, en in ons kerkwees en dit sal alleen moontlik word as ons kan leer om verwonderd te wees oor ons groot God en sy groot liefde en genade. Waar daar verwondering is, is daar vreugde en waar daar vreugde is, is daar lofprysing…. en só kan die wêreld dit sien en hoor.

GESELSTYD:

Stel by die groeplede vas waarom daar baiekeer so min verwondering en vervoering oor ons groot God en sy genade en liefde is. Daar kan heelwat geldige redes gegee word. Een van die belangrike sake is dat ons onder meer te min vertel/getuig van wat die Here in ons lewe doen. Wattter redes sou daar nog wees……..?

Laat die groep ook gedagtes wissel oor praktiese maniere hoe elkeen ‘n bydrae kan lewer sodat daar in ons samekomste (wat die eredienste insluit) – en ook by

hierdie byeenkoms – ‘n groter belewing van lofprysing kan wees. Die antwoord lê nie in die eerste plek by die keuse van die liedere nie, maar by die ingesteldheid van die lidmate wat die teenwoordigheid van die Here beleef.

KOM ONS ANTWOORD DIE HERE

Daders van Woord:

Laat die groep in die lig van ons byeenkoms vandag die volgende vraag bespreek: Gesels met mekaar daaroor deur die volgende sin te voltooi: *Een manier waarop ons die boodskap kan uitleef, is ……..*

Bespreek die volgende elemente wat dalk nie genoeg aandag tydens ons samekomste kry nie.

- ***Belydenis*:** Wat moet ons bely? Julle kan byvoorbeeld voor die Here bely dat julle nie altyd bewus bly van sy grootheid en teenwoordigheid nie, of nie genoeg verwondering beleef nie, of ontevrede is met julle omstandighede ensovoorts. Vra iemand om die namens julle te doen.
- ***Danksegging***: Waarvoor kan ons dankie sê? Dank Hom vir die feit dat Hy oral by ons is. Dank Hom vir alles wat ons wel as goeie gawes uit sy hand ontvang. Kom ons plaas meer klem op dank in ons gebede.
- ***Voorbidding***: Waarvoor moet ons vra? Bid byvoorbeeld vir ‘n gees van aanbidding in die erediens.

AFSLUITING